

## Hoofstuk 1:

### Vader en moeder (1865 –1936)

#### Redikantseun-

**P**Gerhardus Bartholomeus Schutteus Pasch gebore as predikantseun op 14 Februarie 1916 in Ladybrand. Sy vader ds. H.Ph.J. Pasch<sup>1</sup> (geb. 2 Maart 1865) in Amsterdam Nederland was self legendaries en het 'n unieke lewensverhaal met vele noue ontkominge wat op die gemoed van hul enigste seun<sup>2</sup> blywendeindrukke sou maak<sup>3</sup>.

Die moeder van ds. Pasch was Johanna Maria Magdalena Schutte wat as weduwee met vader van ds. Pasch op 11 Julie 1904 op Steynsburg in die eg verbind was<sup>4</sup>. Sy is Junie 1928 op Lindley oorlede.



Ds. H.Ph.J. Pasch en gesin-  
Voor- Lena, Gerrit (Rabbol), mev. Johanna  
Pasch (geb. Schutte), Babie (op skoot) en  
Schutte

#### Die verhaal van vader na kind-

Sy vader, Hendrikus Philippus Josef Pasch was oorspronklik 'n Rooms-Katolieke waar hy op 16 Mei 1878 toegelaat is tot die "Heilige Communie". 1884 besluit hierdie 19 jarige jongman om Suid-Afrika sy tuiste te maak en het hy as "engineer" in die destydse "Republiek van die OVS" begin werk<sup>5</sup>. Die Here het ook in hom al duideliker begin werk en het hy besluit om predikant in die GKSA te word. Dit kort nadat hy dan ook belydenis van geloof afgelê het bevind hy hom in

Burgersdorp vir hierdie opleiding.

Die tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) bring 'n skielike einde aan hierdie studie en het die 34 jarige student baie gou 'n baie betrokke soldaat in hierdie oorlog geword. Sy regterarm – en been is ook in hierdie tyd afgeskiet. As iemand wat nie eers hier gebore is nie, maar wat werklik lyk hierdie land sy vaderland te maak het hy op talle fronte homself in die oorlog laat geld. Buiten die tyd wat hy in die Heidelbergse kommando geveg het, het hy tot die rang van kaptein in die verkenningskorps gevorder. Hy staan dan ook later onder bevel van generaal C.R. de Wet<sup>6</sup> in die omgewing van Edenburg. In 1901 word hy by Kapokfontein (OVS)verraai en is deur die Britse troepe gevange geneem en na Bermuda verban. Daar was hy gevange tot 16 Julie 1902 en moes eers die sertifikaat van getrouheid op die Darrel-eiland aan die Britse kroon onderteken alvorens hy na Suid-Afrika kon terugkeer.

<sup>1</sup> Dié se vader was Gerardus Bartholomeus Pasch en moeder Anna Martens.

<sup>2</sup> Daar was sewe dogters in die huis gebore, waarvan weduwee- ma reeds twee dogters gehad het uit vorige huwelik. Altesaam 10 kinders waarvan in 1959 net nog twee gelewe het. Vier susters is tussen die ouderdom van 32 en 43 oorlede.

<sup>3</sup> Ds. G.B.S. Pasch wat in 1959 self baie betrokke was by die reëlings rondom GKSA se honderdjarige vieringe, het ook as skriba gedien in die uitgee van 'n baie unieke publikasie wat getitel is- *Eupeesgedenkalbum Klassis Waterberg 1859 – 1959*. Baie van hierdie inligting rondom die vader kom dan seker ook uit die hand van hul seun.

<sup>4</sup> Haar eerste man was 'n ene Snyman wat haar jonk reeds moes ontval het.

<sup>5</sup> In die omgewing van Ficksburg is daar nog gedeelte van 'n brug wat onder sy ingenieurswerk gebou is met sy naam daarby.

<sup>6</sup> 'n Broerskind van die bekende generaal het later weer met hom in Ladybrand sy 2de gemeente kontak gehad. Hier was die invloed van ds. Pasch van so oortuigende aard dat hierdie kind ook oorgekom het na die Gereformeerde kerk en het ook predikant en later professor geword, by name prof. C. J. H. de Wet. Vgl. D.G.N. Kotzé, Ek blaai terug, p.103-104

Die roeping om predikant te word is 'n blywende roeping en dadelik het die vader van G.B.S. Pasch weer met sy studies in Burgersdorp voortgegaan. Die oorgang van die Teologiese Skool na Potchefstroom vind ook in hierdie tyd plaas en het hy in Potchefstroom sy studies voltooi. Desember 1907 word hy beroepbaar gestel waar hy kort daarna 'n ander deel van Afrika sy tuiste sou moes maak nl. Angola!

### **Angola- (1908 – 1910)**

In Januarie 1908 het hy sy bediening in Humpata, Angola begin waar 'n groot deel van die so bekende Dorslandtrekkers hulle in daardie tyd gevestig het. Alvorens hy daarheen gegaan het, vind reeks 'n eie unieke stukkie geskiedenis plaas want alhoewel ds. Pasch na Angola gaan vertrek en as predikant daar moes arbei is sy bevestiging in Januarie 1908 in Steynsburg deur 'n ene ds. Snyman afgehandel<sup>7</sup>. Watter ontnugtering en hartseer hierdie eerste bedieningsveld vir Pasch sou teweegbring was baie gou duidelik. Die stryd het op 'n heel onverwagse en moeiliker terrein sou volg nl. die verkondiging van die Woord ook aan anderskleuriges waartoe Pasch hom sterk geroepe gevoel het. Die kerkraad in Angola wil nie dat Pasch ook die evangelie aan anderskleuriges bedien nie. Hulle interpreteer sulke optrede as gelykstelling want hy is dan albei groepe se predikant. Hierdie botsing het regstreeks tot groot onmin en kerkskeuring gelei wat in verskeie studies reeds deeglike aandag ontvang het, ook die beoordeling daarvan<sup>8</sup>.

Dat die persoon en familie van ds. Pasch deur die baie ernstige botsings direkte onreg moes ly wat seker nog nie vantevore op die suidelike Afrika-bodem plaasgevind het nie moet geen twyfel laat nie<sup>9</sup>. Buiten die feit dat Pasch en sy gesin deur die optrede vir 'n tyd lank uitmekaar gehou is, en die weiering tot landing hom so vêr as in Lissabon laat draai het, het die gemeente in Angola terselfdertyd deur baie drastiese optrede en reëlings wat heeltemal vreemd lê aan die Gereformeerde kerkorde hulle van hulle predikant afgeskei<sup>10</sup>. Feitelik was hierdie geding reeds vanaf April 1908 aan die gang en alhoewel baie pogings aangewend is om sake te beredder het baie daarvan maar van sleg na slegter verloop.

In 1909 na isolering met sy gesin en die gebruik van politieke mag in Portugese kring was herstel tussen hom en hulle wat teen hom opgestel was eenvoudig nie meer haalbaar nie. Daar is met 'n klein minderheid wat bereid was om na hierdie woelinge nog weer te probeer om saam met hom voort te gaan maar dit was eenvoudig nie volhoubaar nie. Hierdie totale vervreemding van mekaar het selfs tot gevolg gehad dat die pastorie wat nog tuiste van die Pasch gesin was uitverkoop is en dat daar selfs ook nie eers meer 'n woonplek vir hulle in Angola oor was nie. Die enigste was om maar weer terug te keer na Suid-Afrika.

### **Die terugkeer – (1910 – 1911)**

In Maart 1910 is daar op kerklike vergaderings die nagevolge van hierdie “kerklike skade” in Angola hanteer en natuurlik moes daar ook oor die persoon en roeping van ds. Pasch uitsluitel kom want die ongesonde situasie het toe ook daartoe gelei dat hier nou 'n predikant

<sup>7</sup> Die mense in Angola het klaarblyklik dit sondermeer aanvaar en was daar nooit werklike navrae vanuit hierdie geleedere daaroor nie. Ds. Pasch gee in die Eeufeesgedenkalbum (Klassis Waterberg 1859-1959) sy vader se bevestiging vir die gemeente Humpata aan as 17 Junie 1907, maar dit kan nie korrek wees nie. In die lig vandat hy dan ook eers op 4 Desember 1907 beroepbaar gestel was.

<sup>8</sup> Vgl. o.a. *Gedenkboek van die Dorslandtrek*- Prof. J.P. Jooste.1974; *Ons half-eeu in Angola*- P.J. van der Merwe. In 'n onlangse studie (-1999) is uitvoerig deur dr. J.M. van Tonder aan hierdie hartseer gebeure aandag gegee o.a. die “sendingsaak (p.21 e.v.)” en latere “kerkskeuring (p.26 e.v.)” en die werklike ingrype in die lewe van Pasch beginnende by die katastrofiese kerkraadsvergadering van 6 April 1908 - *Elektroniese weergawe*

<sup>9</sup> Die weiering van landingsreg om gewoon na sy gesin en tuiste terug te keer na die bywoning van kerklike vergadering en kerke se halfeeuftes in S.A. was moontlik die top van hierdie koue kliphard ysberg.

<sup>10</sup> Baie van hierdie gebeure herinner sterk aan hoe daar ook in Suid-Afrika rondom die roeping en siening van Ds. Dirk Postma rondom die sending aan ander mense baie beroeringe, spanninge en ook skeuring gekom het., soos in Bethulie.

was sonder gemeente wat in die Gereformeerde kerkreg nie kan voortgaan nie. Daar is besluit om hom beroepbaar te stel aangesien hy alleen losgemaak is van die “feitelike bediening van sy amp” deur ’n politieke set wat die gemeente deur bemiddeling van die Portugese regering vir hom kon stel, maar is hyself nooit skuldig bevind aan die growwe klagtes wat sy kerkraad alreeds op 11 April 1908 teen hom gelê gehad het nie<sup>11</sup>.

Hoeveel van hierdie spanninge moontlik anders sou verloop as dit dalk net van die kant van ds. Pasch met groter takt en ’n sagter hand hanteer sou word is moeilik om te bepaal. Ons kan ook aanvaar dat alhoewel die Angola-woelinge plaasgevind het nog voor die geboorte van G.B.S. Pasch was dit in alle geval so ’n harde en ongewone tyd in die lewe van die pa van die gesin dat hierdie gebeure op die jonge Pasch wanneer hy dit later oorvertel sou word seker geen geringe indruk sou laat nie. Hoe merkwaardig tog dat die jonge Pasch met die politieke woelinge en sy vlugteling tyd toe hy geïnterneer is ook ’n tyd lank in Suid-Wes (Namibië) hom bevind het. Dieselfde land waarheen die meeste van die Angola-boere, die laaste in Maart 1929 hulle terugkeer gemaak het toe daar in Angola nie meer gebly kon word nie. Die geskiedenis het maar altyd ’n merkwaardige verhaal om mense weer bymekaar te bring, al is dit in die daaropvolgende geslagte.

### **Ladybrand- (1911-1920)**

Die geboortedorp van G.B.S. Pasch was Ladybrand waar sy vader dan na die bittere Angola-ervaringe in 1911 ’n beroep aanvaar en bevestig is.<sup>12</sup> Die uitbreek van die 1914 rebellie vind plaas terwyl H.Ph.J. Pasch hier predikant was. Ds.H.Ph.J. Pasch het benewens die knellende droogte in daardie tyd weer te doen met erge kerklike spanning.

Die rebellie wat effektiewelik eintlik maar sewe maande geduur het (Aug.1914-Feb.1915<sup>13</sup>) waar broer teen broer teen mekaar opgestaan het, mekaar vermoor het, vorm amper ’n inleiding op die Rabbo-kind se lewe waar sy eie lewe jare later, 7 Junie 1940, deur ’n “rebellie” van sy eie gekenmerk sou word, en dit weer hoofsaaklik gemik teen genl. J.C. Smuts wat in die 1914-rebellie saam met genl. L.Botha direk die oorsaak was tot die tragiek van daardie tyd<sup>14</sup>. In Ladybrand het H.Ph.J. Pasch geen geheim daarvan gemaak dat sy simpatie eintlik by die rebelle geleë was nie, maar het hy hier, eintlik so anders as in Angola daarin kon slaag om gemoedere in die gemeentes waarin hy met die gevolge van die rebellie moes handel in ’n groot mate kon kalmeer<sup>15</sup>. Daar word aanvaar dat veral onder sy leiding en openhartigheid daar in die Gereformeerde kerk Ladybrand nie ernstige verdeeldheid met betrekking tot die rebellie ondervind was nie, terwyl daar wel in daardie tyd in sovele ander gemeentes<sup>16</sup> baie ernstige verdeeldheid en spanning aan die orde en opbou was.

<sup>11</sup>Hy is aangekla dat hy ’n skeurmaker was, beroerder van die gemeente, dat hy hom onbetaamlik gedra het, en dat sy onbehoorlike optrede in die gemeente ’n oortreding was van sinodale besluite.

<sup>12</sup> Merkwaardig dat hy toe reeds 46 jaar oud was en eers op hierdie ouderdom werklik met “mooier” vrug in ’n gemeente kon begin arbeid. Beroep op 14 Jan 1911.31 Maart 1911 kennis gegee dat hy beroep aanvaar.

- 14 <sup>13</sup> Rabbo is byna mooi ’n jaar na rebellie gebore. Rebellestryd is op 2 Feb.1915 gewonne gegee en Rabbo is gebore 14 Feb.1916.

<sup>14</sup> Smuts was in die Pasch-familie letterlik twee keer die hooffiguur en brandpunt tot groot drama in die familie. Die genoemde rebellie en Rabbo se internering in 1938 was hoofsaaklik ook toe te skryf aan die politiek van ’n “Jannie Smuts”.

<sup>15</sup> In hierdie verband dien dit wel te vermeld dat ds. Pasch hom in dieselfde tyd in Lindley (toe nog konsulent van Lindley in 1915) ook bietjie anders daarvoor uitgelaat het deur te erken dat hy sterk teen die rebellie as sulks gepreek het maar het dit tog direk in verband wou sien met gebeure rondom die 2de Vryheidsoorlog. Vir Pasch was daar duidelik twee kante van die saak. As iemand die invallende magte as republikeinse leërs beskou dan was dit sy plig om by die regeringsmagte aan te sluit, maar sou hy hulle eger as “roversbende” beskou, dan was dit ongeoorloof om aan te sluit. W.P. du Plessis, Die Gereformeerde kerke en die 1914 rebellie p.63

<sup>16</sup> Nie minder nie as 44 gemeentes oor die lengte en breedte van SA was in die tyd direk of indirek deur die rebellie geraak en het kerklike spanning van baie ernstige aard in heelwat van hierdie gemeentes voorgekom. Vgl. W.P du Plessis, 1988, Die Gereformeerde kerke en die 1914 rebellie.

Getrou het hy ook die rebelle-gevangenes in daardie tyd in Kimbeley wou gaan besoek maar die tronk owerhede het hom dit nie wou toelaat nie.

Die gemeentes Lindley en Frankfort wat ds. Pasch in hierdie tyd as konsulent bedien het was gemeentes met 'n geskiedenis samelopend met die Kruiskerke en




Ds. H. Ph. J. Pasch - wat met die rebelle van 1914 besondere bemoenings sou maak - vader van Rdbbo Pasch

“Scoutskerke” waar onder hulle geleedere alles behalwe simpatie vir die rebelleerders was, en hulle intendeel wou hê dat daar “gevraagd moet word of rebellie volgens Gods Woord zonde is”. Min wetende het die pa op hierdie stadium besef watter “rebellie” daar bietjie minder as 25 jaar later in sy nou enigste pasgebore seun<sup>17</sup> sou woed, want op 'n gemeentevergadering van 20 Junie 1916 was ds. Pasch saam met visitatore in die gemeente van Lindley en wou van die sterkste teenstanders<sup>18</sup> teen die rebellie juis by ds. Pasch 'n duidelike antwoord hê, dat hy moet sê wie skuldig is- die

rebellie of die regeringsondersteuners. Pasch se antwoord was dat dit 'n nie kerklike saak was om hieroor uitspraak te gee nie, en dat almal hulle by die 1916 sinodebesluit moet neerlê en mekaar vergewe waar die een teen die ander oortree het. Daar was deur Pasch en die visitatore juis toe 'n breedvoerige antwoord uitgewerk dat vrede weer so mag herstel dat die Nagmaal ook weer gevier sal kan word<sup>19</sup>.

Pasch was in dieselfde tyd ook konsulent van Frankfort, ook één van die kerke met 'n Kruiskerk agtergrond, en waar 75% van die Gereformeerde gemeente daar regeringsgesind was, en die plaaslike NG kerk weer sewe-agstes uit pro-rebellie mense bestaan het, gee alreeds 'n beeld van die komplekse kerklike toestand wat die rebellie in Frankfort veroorsaak het. Al wat die voorstanders van die rebellie in die Gereformeerde kerk Frankfort verhinder het om in daardie tyd nie na die NG kerk oor te gaan, waar die meeste protesteerders was, was blykbaar Pasch self. Hy het dan self ook geskryf – “Ook is er een neiging dat de regeeringsgezinden den N.G. Kerk willen overkomen naar de Geref gemeente maar dit wordt redelik verhinderd dat de consulent (Pasch) meer zich voegt aan de protesterende party, wat het politieke leven betreft, en de protesterende deel in onze gemeente neigt over te gaan naar



“Diaken V.E. d'Assonville I - Foto geneem uit- “Op die bodem van die Vaaldam” - deur V.E. d'Assonville II

de NG Kerk maar worden eenigsens verhinderd door de kennis dat die consulent aan hun zyde staat. Zo is er oneenheid en t Heilige Avondmaal is nog niet gevierd...” In hoe 'n mate hierdie rol van vader na kind sou oorgaan deur tog op unieke manier aan die sy te staan van hulle wat gerebelleer het, kan seker nouliks oorskakel word!

In dieselfde Frankfort het die rebellie ook rondom een persoon, 'n diaken V.E. d'Assonville<sup>20</sup> 'n mikro-kerkstryd op sy eie ontketen. Hierdie D'Assonville wat vanweë die belydenisskrifte, en saam

met sy Grove skoonouers kerklik die stryd gestry het en later oortuig geraak het om die verbintenis met die NG kerk Heilbron te breek<sup>21</sup>, het aansluiting kon vind by die kruiskerk

<sup>17</sup> G.B.S. Pasch was toe maar pas 4 maande oud.

<sup>18</sup> 'n Broeder R.J. van Rensburg was die leier onder hierdie beswaardes.

<sup>19</sup> Antwoord is volledig afgedruk in W.P. du Plessis, Die Gereformeerde kerke en die 1914 rebellie, p.172.

<sup>20</sup> Vader van prof. V.E. d'Assonville waar prof. V.E. d'Assonville II vanaf 1954 tot 1992 dienswerk in die verband van GKSA sou verrig. Sy laaste groot bydraes direk tot die kerklike ampte was as professor veral in kerkgeskiedenis vanaf 1978 – 1992.

<sup>21</sup> Daar is ook deur die Grove skoonfamilie van die latere “diaken” D'Assonville melding gemaak van die dominee op Heilbron met wie hulle groot probleme gehad het. Hy is beskou as 'n “geesdrywer” en hy het ook die Gereformeerde belydenis met sy “opwekkingsdienste” waarin die soewereine genade van Christus en

Frankfort. Dieselfde V.E. d'Assonville was van die min lede in daardie gemeente wat in Sept.1914 baie aktief tot die rebellie toegetree het. Hy was ook van die laastes wat gevang was, en wat na die “De Beers Compounds” na Kimberley in die mees haglike omstandighede vir ses maande daar aangehou was, en was onder die “gevaarlike rebelle” gereken, en is hy saam met ander “gevaarlikes” soos ’n genl. Manie Maritz en genl. Adriaan de la Rey<sup>22</sup> aangehou. Op die tuis- kerkfront in Frankfort is hy as diaken oneervol losgemaak en was onder tug geplaas dat hy ook nie Nagmaal sou kon gebruik nie. Hier het ds. H.Ph.J Pasch wel die tug sy gang moes laat gaan, soos daar gestel is dat “hy as konsulent nie ’n onbuigsame pad met die rebel D’Assonville sou volg nie”. Hierdie persoonlike stukkie familie- en kerkgeskiedenis het tragiese gevolge gehad, soveel so dat D’Assonville nooit weer in enige amp in Frankfort sou dien nie. Jare later is dit tog aangrypend dat tussen die jonge Rabbo Pasch en ’n jonge D’Assonville dogter (die 3de dogter van “diaken” V.E. d’Assonville -Kona) daar ’n besondere vriendskap ontstaan het.<sup>23</sup>

Nogal merkwaardig dat tussen die Pasch-familie en D’Assonville familie meer punte van ooreenkoms bestaan en dat veral drie gebeurtenisse rondom G.B.S. Pasch of dan nou sy pa direkte of indirekte invloed of implikasies aan die D’Assonville kant gehad het of vice-versa. Dit begin by die feit dat die Pasch-konnotasie aan die Gereformeerde kerke ’n Rooms-Katolieke inleiding het – ds. H.Ph.J. Pasch het Rooms-Katoliek opgegroeï. Ons aanvaar albei sy ouers was Rooms en het G.B.S. Pasch se vader eers in Suid-Afrika gereformeerd geword. In die D’Assonville-familie was ook die vader van die reeds genoemde “diaken” V.E. d’Assonville ’n Rooms-Katoliek. Hy was Henri Emile d’Assonville, maar sy vrou, ’n nooi Terblanche was nie Rooms nie. Trouens sy het al tien hulle kinders in die NG kerk Humansdorp gedoop.

En dan die merkwaardige drie kruispaaie tussen die D’Assonville familie aan die een kant en die Pasch’e aan die ander kant. Eerste ds.H.Ph.J. Pasch se tyd wat hy as konsulent in Frankfort die hartseer moes hanteer en daarby moes inval dat die “rebel” D’Assonville onder tug geplaas was en Pasch daardie tug nie kon “buig” nie. Tweedens die “verhouding” van sy enigste seun met die jongste dogter uit die D’Assonville huis, en dan jare later het G.B.S. Pasch op sy vlugteling paaie op sy beurt onwetend ’n “stopteken” voor ’n D’Assonville geplaas. Dit gebeur op ’n plaas naby Bethlehem waar die vlugteling Pasch weggekruip het. V.E. d’Assonville II<sup>24</sup> het as jong seun graag vakansies by sy suster Anna<sup>25</sup> op Bethlehem gaan kuier. D’Assonville se ouers was reeds albei oorlede, en ook sy enigste ouer broer Lulu (Roelof Grové) wat ook onverwags in Namibië as onderwyser<sup>26</sup> relatief jonk oorlede is, het vir die jongste nie maklike jare teweeggebring nie, veral toe sy bietjie vastigheid in Namibië hom ook ontnem is. Vir die toe jonge D’Assonville kom daar toe ’n kinder-teleurstelling weer met ’n Pasch konnotasie. ’n Plaas (Mosbank-rigting Lindley) wat aan ’n Potgieter-familie behoort het was die seun se groot uitsien in vakansietye om by sy

---

predestinasieeler is, aangeval. So het die Grove’s en D’Assonvilles in 1911 by Frankfort se kruiskerk betrokke geraak

<sup>22</sup> Broer van die bekende Genl. Koos de la Rey wat aan die begin van die rebellie 15 Sept.1914 onder verwarrende omstandighede geskiet is.

<sup>23</sup> Hoe ernstig hierdie verhouding werklik was, is moeilik om te bepaal. Kona is later getroud met prof. Van der Walt, waar sy soos G.B.S. Pasch ook besondere skryfwerk gedoen het, onder die naam Kona v/d Walt.

<sup>24</sup> Die reeds genoemde V.E. d’Assonville II- latere teologiese professor waar hyself aan skrywer (PJV) hierdie gebeurtenis meegedeel het.

<sup>25</sup> Eggenote van ds. A.L. Aucamp, wat ook met die Gerf. Kerk Eldoret in Kenia ’n besondere verbintenis gehad het. Op daardie stadium was Aucamp predikant van Gerf. Kerk Bethlehem.

<sup>26</sup> G.B.S. Pasch was ook onderwyser, nog ’n punt van ooreenkoms, en selfs die land Namibië vorm ook iets gemeenskaplik tussen die families, alhoewel die manier waarop D’Assonville daar gekom het, was eerbaar, terwyl die koms van G.B.S. Pasch na Namibië (onder ’n skuilnaam Hannes Cilliers) dalk deur sommige as nie só “eervol” bestempel kon word.

suster te kom maar dan juis by hierdie plaas ook 'n paar dae te mag kuier juis rondom die avontuur dinge wat vir 'n jong seun 'n plaas lekker maak. Die één vakansie is alles weer só gereël en sou die D'Assonville seun weer na die Potgieters wou gaan. Daar gekom het die seun wat so hierna uitgesien het moes verneem dat planne het verander en hy mag hierdie vakansie nie daar bly nie. Watter teleurstelling op die kinder-gemoed. Baie jare later sou die redes eers duidelik word. Pasch is op sy vlugteling-paaie deur die Potgieters daar “weggesteek” en was die seuntjie D'Assonville daardie vakansie weggevoer juis omdat dit ten alle koste voorkom moes word dat die seun D'Assonville nie moes weet van die Pasch wat vir die owerhede versteek word nie!

Wat die sake van die rebellie aanbetref kan ons aanvaar dat pa Pasch dikwels met sy enigste seun, sekerlik van kleintyd simpatie sou wek met die besonder empatieke rol wat hy ook met die rebelle wou loop. Min wetende watter “rebelle” stryd daar later in sy enigste seun sou kom?! Die pa van Rabbo Pasch het tot in 1920 in Ladybrand met goeie vrug kon arbeid<sup>27</sup>, maar soos reeds gesien het die kerke in Lindley en Frankfort ook besondere aandag geverg. Later sou Lindley as gemeente hom beroep en sou hierdie vroeëre kerk die laaste werksplek van H.Ph.J. Pasch word en ook sy sterfplek.

### **Pietersburg- (1920 – 1927)**

In 1920 het hulle na Pietersburg vertrek waar hulle vader dan ook 'n beroep aanvaar het. Ds. H.Ph.J. Pasch is in der waarheid twee keer na Pietersburg beroep. Eers op 7 Jan. 1911-direk na die afhandeling van die Angola-sage- maar wat die beroep “omstrede” gemaak het, is die feit dat Pietersburg nog altyd met Waterberg in kombinasie was, en wat die Waterbergers kwaad gemaak het was die feit dat Pietersburg sommer begin beroep het sonder om die kombinasie in kennis te stel of nog beter die kombinasie te beëindig. Moontlik was dit 'n bedekte seën dat H.Ph.J. Pasch toe nie die beroep aanvaar nie, en dat sake eers tot orde kon kom<sup>28</sup>. In 1919 word daar 'n pastorie aangekoop en op die 11de Julie 1919 is Pasch weer hierheen beroep. Dié keer het hy die beroep aanvaar en is op die 23<sup>ste</sup> Januarie 1920 in Pietersburg bevestig waar dit seker die eerste kennismaking sou wees wat die 4-jarige G.B.S. Pasch met die Bosveld en sy mense sou hê. Dit was finansiële swaarkry-jare en het dit later so erg gegaan dat hulle nie ds. Pasch se traktament kon gee nie. Hulle moes dit êrens te leen kry, en toe leen hulle dit maar by hulle predikant self en het dit later weer terugbetaal! Daar word in die agt jaar van ds. Pasch se bediening in Pietersburg van baanbrekerswerk gepraat rondom wat hierdie ou Angola-inwoner in die deel van die Bosveld gedoen het. Daar is geskryf dat hy “liggaamlik sterk was maar in sy voortvarendheid om lede te besoek het hy soms te veel van sy kragte geëis. Veral wat die Laeveld betref, was hy maar onverskillig, met die gevolg dat hy tweemaal malaria opgeloopt het, wat met die tweede keer hom byna sy lewe gekos het”. Ds. Pasch het in hierdie jare weer wye konsulentwerk ook moes doen, en was die Gerf kerk Matlabas ook deur hom as konsulent bedien Met die vertrek uit Pietersburg was daar 280 belydende lidmate en 334 kinders! Die Kruiskerk Lindley word die plek waar roeping nou vasgemaak moet word, en is baie van die ou bekendes, moontlik ook nog “ou rebelle” nou direkte lidmate....

### **Lindley (1927 – 1936)**

Aan die einde van 1927 is ds. Pasch direk na Lindley beroep waar hy hierdie beroep opgevolg het, en daar kon arbeid tot aan die einde van sy lewe waar hy dan in September 1936

<sup>27</sup> In Januarie 1920 met afskeid van H.Ph.J. Pasch aldaar word op aandrang en befondsing van die kerkraad van Ladybrand dan ook “Drie Predicaties” gepubliseer. Al drie handel oor Evangelie-bediening met dan die oorspronklike Evangelie-bediening (Ef.1:8-10), gevolg deur die De Verordeneerde Evangelie-bediening (1 Kor.9:16-17, en dan afgesluit met De Wijze der Evangelie-bediening. (2 Kor.12:14.)

<sup>28</sup> Die kombinasie is toe eers 11 April 1919 beëindig.

op 71 jarige ouderdom gesterf het terwyl hy nog daar in die bediening was<sup>29</sup>. 'n Gemeente wat hy in alle geval in die rebellie-jare goed leer ken het. Die feit dat hy dan later self deur die gemeente beroep is moet 'n weerspieëling wees van die dankbaarheid wat hulle in die tydperk toe kerk toestande rondom die rebellie baie moeilik was in die werk van H.Ph.J. Pasch moes waardeer. 'n Insiggewende lesing wat H.Ph.J. Pasch in 1930 in Lindley gelewer het, het gehandel oor 'n studie van “Die Algemene beker teenoor die Indiwiduele kelkie”. Hy het as uitgangspunt 1 Kor.10 en 11 gestel met die aktuele vraag wat vandag nog net so aktueel gevra kan word- “Is dit maar 'n kleinigheid of ons die Algemene beker of die Indiwiduele kelkie by die Heilige Awendmaal gebruik? Seker nie.<sup>30</sup> In die skemering van H.Ph.J. Pasch se lewe het hy ook in Lindley nie teruggedeins vir die saak wat in die NG kerke rondom 'n sekere prof. Du Plessis so 'n groot saak geword het nie nl.- Die Kenosis. Terwyl hy predikant was van die Gereformeerde kerk Lindley bied hy dit aan onder die titel- Die Kenosis- 'n Teologiese verhandelings-tjie in populêre taal<sup>31</sup>! In die voorrede skryf Pasch dat “die leerstuk van die Kenosis gee in beginsel die werk van God in Christus deur sy Gees weer, wat plaasgevind het voor die tye van die eeue. Die Heilige Skrif is die blom wat die wese van Die Kenosis ontluik. Die Kenosis is die Son van geregtigheid, wat sy strale oor die hele objektiewe skepping versprei. In hierdie werkie word die welwillende leser 'n bydrae aangebied, wat probeer om baie van die moeilike tekste van Gods Woord verder te verklaar<sup>32</sup>. Die verskillende verklarings van Fil.2:5-9 binne die grense van die Christelike kerk, is so uiteenlopend. Vir die skrywer is die lesing van die State-Bybel onverbeterlik.

---

<sup>29</sup> Ds. G.B.S. Pasch meld dat voor sy pa se sterwe hy meer as 'n jaar baie ernstig siek was. Die moeder van gesin (Johanna) is in 1928 oorlede en vader is in 1930 weer getroud.

<sup>30</sup> Hierdie studie (lesing) hanteer die vraagstuk dan aan die hand van ...op die algemene awendmaal...op die besondere awendmaal ...en op die higiëniese besware by die gebruik van die besondere awendmaal. Die gebruik van die beker word dan eerder gesien as God se manier vir afwering van siektes...jy kan genees word daardeur! Pasch se hantering van die sg. higiëniese besware klink selfs wetenskaplik en medies nagevors te wil wees. Hy gebruik terme hier soos basille, mikrobe, bakterieë, infusorieë, miasmes ens. Die ou medisynes genaamd “Medikamente A of B” is volgens familie-getuienis 'n ontwerp van die grootvader. In die Kerkblad van 1 April 1930 was die rapport van deputate waarop Pasch nie gedien het nie, maar wat ook gehandel het oor wyse van awendmaalviering. Deputate was P.J.S. <sup>de</sup> Klerk, J.G.C. Schuurman, C.J.H. <sup>de</sup> Wet, J.A. du Plessis, J.V. Coetzee

<sup>31</sup> Filippense 2:5-9 dien as uitgangspunt.

<sup>32</sup> 'n Kenmerk van hierdie familie lyk deurgaans te wees deur juis nie voor die moeilike te stuit nie!

